SAOU
NOORDWES | NORTH WEST
NUUSBRIEF | NEWSLETTER
saounw@saou.co.za
012 436 0900
www.saou.co.za
Reg No: LR2/6/2/531

12/2025 2025/12/09

## 2025 TERUGBLIK

Die SAOU Noordwes wil graag elke lid bedank vir u volgehoue steun, betrokkenheid en lojaliteit gedurende 2025.

Mag die feesseisoen vir julle ’n tyd van rus, herstel en kwaliteit-tyd saam met familie en vriende wees. Ons wens u voorspoed, seën en nuwe energie toe vir die jaar wat voorlê.

## LOOKING BACK OVER 2025

The SAOU North West would like to extend our sincere appreciation to each member for your continued support, involvement, and loyalty throughout 2025.

May this festive season be a time of rest, renewal, and quality moments spent with your family and loved ones. We wish you prosperity, blessings, and renewed energy for the year ahead.

## OPLEIDING KWARTAAL 1 2026

Maak seker om solank die geleenthede wat ons beplan vir 2026 te dagboek!

## TRAINING TERM 1 2026

Make sure to diarize the sessions we have planned for 2026!

| DATUM & TYD | OPLEIDING | VENUE | REGISTRASIESKAKEL |
|---|---|---|---|
| **28 Januarie** 12:00 – 16:30 | Posvlak 1 | Laerskool Vastrap, Rustenburg | https://tinyurl.com/2eer72e5 |
| **5 Februarie** 14:30 – 16:30 | WPV-Oriëntering | Virtueel | https://tinyurl.com/42jybavj |
| **27 – 28 Februarie** | VatVlam-Spitsberaad (Beginneropvoeders) | AROS Kampus, Montana, Pretoria | https://tinyurl.com/3t69syms |
| **20 – 21 Maart** 13:00 | LSOB-Simposium | AROS Kampus, Montana, Pretoria | https://tinyurl.com/ms46d8wk |

| DATE & TIME | TRAINING | VENUE | REGISTRATION LINK |
|---|---|---|---|
| **28 January** 12:00 – 16:30 | Post level 1 | Laerskool Vastrap, Rustenburg | https://tinyurl.com/2eer72e5 |
| **5 February** 14:30 – 16:30 | WPR Orientation | Virtual | https://tinyurl.com/42jybavj |
| **27 – 28 February** 13:00 | Ignite Summit (Beginner educators) | AROS Campus, Montana, Pretoria | https://tinyurl.com/3t69syms |
| **20 -21 March** 13:00 | LSEN Symposium | AROS Campus, Montana, Pretoria | https://tinyurl.com/ms46d8wk |

## BBM TERUGVOER: CONSENSUS & SAOU NOORDWES VENNOOTSKAP

## LEADERSHIP EMPOWERMENT FEEDBACK: CONSENSUS & SAOU NORTH WEST PARTNERSHIP

RICOH

CONSENSUS
PRINTERS • CCTV • PABX • IT

*“Dit was vir Consensus ’n groot eer om vir die derde agtereenvolgende jaar as hoofborg betrokke te wees*

*“It was a great honor for Consensus to be involved as the main sponsor for the third consecutive year in the SAOU North West Management*

*by die SAOU Noordwes se Bestuursbemagtiging wat 13 en 14 November plaasgevind het.*

*Onderwys lê Consensus na aan die hart, en dit bly vir ons 'n voorreg om skole op alle vlakke te ondersteun met kantoor-outomatisering en volledige ICT-oplossings.*

*Hierdie jaar het ons ook self herbedink en die registrasieproses herbedraad deur dit volledig elektronies te maak vir 'n vinniger, eenvoudiger en meer gebruikersvriendelike ervaring.*

*Soos tradisie voorskryf, het ons weer 'n Ricoh Interaktiewe Bord geskenk — maar natuurlik met 'n Consensus-"twist"! Skole moes op hul eie kreatiewe manier die liedjie "Your Way Is Better" (Forrest Frank) herskep om deel te neem. Die deelname het alle verwagtinge oortref: dubbel soveel inskrywings as verlede jaar is ontvang, en ongelooflike gemeenskapsbetrokkenheid deur leerders, ouers en onderwysers is getoon.*

*Die 2025-wenner, **Hoërskool Hartbeespoort**, is uiteindelik gekroon as die skool met die meeste likes en shares. Dit is vir ons 'n groot voorreg om die bord in Januarie aan hulle te oorhandig en 'n bydrae te maak tot hul tegnologie-gedrewe klaskamers van die toekoms.*

*Dankie, SAOU Noordwes, vir die voorreg om saam met julle te bou, te bemagtig en te innoveer. Ons sien met opgewondenheid uit na 'n transformerende 2026!"*

*Empowerment which took place from 13 to 14 November.*

*Education is close to Consensus' heart, and it remains a privilege for us to support schools at all levels with office automation and complete ICT solutions.*

*This year, we also reimagined and rewired the registration process by making it fully electronic for a faster, simpler and more user-friendly experience.*

*As is tradition, we once again donated a Ricoh Interactive Board — but with a Consensus "twist" of course! Schools had to recreate the song "Your Way Is Better" (Forrest Frank) in their own creative way to participate. The participation exceeded all expectations: double the number of entries were received compared to last year, and incredible community engagement by learners, parents and teachers were illustrated.*

*The 2025 winner, **Hoërskool Hartbeespoort**, was ultimately crowned as the school with the most likes and shares. It is a great privilege for us to present the board to them in January and contribute to their technology-driven classrooms of the future.*

*Thank you, SAOU North West, for the privilege of building, empowering and innovating with you. We look forward to a transformative 2026!"*

## CONTINUUM *(sterftevoordeel)* NOMINASIE VAN `n BEGUNSTIGDE

Om 'n SAOU-lid te wees, bied vir jou 'n sterftevoordeel, Continuum, wat 'n kontantvoordeel van R20 000 is wat deur die SAOU aan die lid se benoemde begunstigde of, in die afwesigheid van sodanige aanwysing, die lid se boedel betaal word.

Klik hier om die nominasie van begunstigde vorm af te laai.

Hiermee hoop ons om voort te bou op die nalatenskap wat jy eendag sal agterlaat.

**Alle SAOU-lede kwalifiseer outomaties vir hierdie voordeel, mits hulle:**

- Jonger as 65 jaar is.
- Nie agterstallig is met die betaling van hul SAOU-lidmaatskapfooie op die datum van afsterwe nie.

## CONTINUUM *(death benefit)* NOMINATION OF A BENEFICIARY

Being a SAOU member provides you with a death benefit, Continuum, which is a cash benefit of R20,000 provided by the SAOU to the member's named beneficiary or, in the absence of such designation, the member's estate.

Click here to download the nomination of beneficiary form

Hereby, we hope to build on the legacy you will leave behind one day.

**All SAOU members automatically qualify for this benefit provided they:**

- Are younger than 65 years.
- Are not in arrears with payment of their SAOU membership fees at the date of death.

- Nuwe lede is geregtig op hierdie voordeel 90 dae vanaf die datum waarop hul eerste lidmaatskapfooi deur die SAOU ontvang word.
- Nie meer 'n student is nie.

***Geen mediese ondersoeke word vereis nie.**

Besoek ons webtuiste vir meer inligting en om u begunstigde vorm in te dien: https://www.saou.co.za/af/continuum

- New members are entitled to this benefit 90 days from the date on which their first membership fee is received by the SAOU.
- Is no longer a student educator.

***No medical examinations are required.**

Visit our web page for more information and to submit your beneficiary form: https://www.saou.co.za/continuum

## NSS MERKERS

Die SAOU Noordwes wil graag ons opregte dank en waardering uitspreek teenoor al die NSS-nasieners vir julle toegewyde diens, professionaliteit en betrokkenheid.

Julle harde werk speel ’n belangrike rol in die handhawing van die integriteit en gehalte van die assesseringsproses, en ons waardeer die tyd, kundigheid en sorg wat julle hierin belê.

## NSC MARKERS

SAOU North West wishes to extend our sincere gratitude to all the NSC Markers for your dedicated service, professionalism, and commitment.

Your hard work plays a vital role in ensuring the integrity and quality of assessment processes, and we deeply appreciate the time, expertise, and care you invest in this important task.

## SAOU KOMMUNIKASIE KRY 'N OPGRADERING

Die SAOU se nuwe selfoontoep is hier en dit word voortaan die **primêre kommunikasieplatform vir lid-eksklusiewe inhoud**. Die toep bied aan SAOU-lede vinniger, eenvoudiger en meer gerieflike toegang tot nuus, opdaterings en SAOU-inligting – alles op één sentrale plek op jou selfoon.

Hierdie nuwe platform verseker dat lede inligting direk en op ’n wyse ontvang wat hul daaglikse werk ondersteun. Dit is moderne kommunikasie wat aanpas, meer toeganklik is en saam met ons ledegemeenskap ontwikkel.

WhatsApp sal steeds gebruik word vir kort, tydsensitiewe kennisgewings en provinsie- spesifieke kommunikasie.

**Registrasieproses**
Ons toep word aangebied deur die d6 Communicator-platform en lede sal oor die volgende paar weke “onboard” word. Sodra jou besonderhede op die stelsel gelaai is, ontvang jy ’n e-posuitnodiging van noreply@d6.co.za met ’n skakel om die SAOU-toep af te laai.

Indien jy reeds die d6 Communicator-toep gebruik, volg asseblief hierdie stappe:

- Navigeer na **‘Manage Communities’**
- Gebruik die soekfunksie en tik **‘SAOU’** in
- Kies **SAOU** — jy sal outomaties toegang kry tot jou provinsiale groep

## SAOU COMMUNICATION IS GETTING AN UPGRADE

The SAOU’s new mobile app has arrived and it will soon become the **primary communication platform for member-exclusive content**. The app offers SAOU members faster, simpler and more convenient access to news, updates and SAOU information – all in one central place on your phone.

This new platform ensures that members receive information directly and in a way that supports their day-to-day work. It is modern communication that adapts, improves accessibility and evolves alongside our member community.

WhatsApp will continue to be used for short, time-sensitive updates and province-specific communication.

**Registration process**
Our app is hosted by the d6 Communicator and you will be onboarded within the next few weeks. Once your details have been loaded onto the system, you will receive an email invitation from noreply@d6.co.za with a link to download the SAOU app.

If you are already using the d6 Communicator app, follow these steps:

- Navigate to **‘Manage Communities’**
- Use the search function to look for **‘SAOU’**
- Select **SAOU** — you will automatically gain access to your provincial group

| | |
|---|---|
| Vir die volledige nuusbrief m.b.t. die nuwe toep klik hier. | For the newsletter pertaining to the new app click here. |
| **VERANDERING IN SAOU LIDMAATSKAP** | **CHANGE IN SAOU MEMBERSHIP** |
| Ons versoek graag dat indien u lidmaatskapstatus verander het weens skuiwe/oorplasings/bevordering u die kantoor in kennis stel by saounw@saou.co.za.<br><br>Alternatiewelik kan u die skakel voltooi. Bv. SBL aanstelling verander na Departementeel ens.<br><br>Skakel: https://www.saou.co.za/af/word-n-lid | We would like to request that if your membership status changed due to transfers or promotions, you notify the office at saounw@saou.co.za.<br><br>Alternatively, you can complete the link. E.g. SGB appointment changes to Departmental etc.<br><br>Link: https://www.saou.co.za/become-a-member |
| **OMSKAKELING VAN STUDENTE** | **CONVERSION OF STUDENTS** |
| Studente word daaraan herinner om SAOU lidmaatskap te verander na 'n betalende lid by die SAOU sodra u 'n gekwalifiseerde onderwyser is.<br><br>Skakel: https://www.saou.co.za/af/word-n-lid | Students are reminded to update SAOU membership to a paying member of the SAOU when qualified as an educator.<br><br>https://www.saou.co.za/become-a-member |

